14 November 2012

Geagte Belanghebbende en/of Geaffekteerde Party

**OMGEWINGSIMPAKSTUDIE EN AANSOEK OM LISENSIE VIR AFVALBESTUUR VIR DIE VOORGESTELDE UITBREIDING VAN DIE ASVERWYDERINGSFASILITEITE BY MAJUBA KRAGSTASIE, MPUMALANGA PROVINSIE**
**(DEA Verw. No.: 14/12/16/3/3/3/53; NEAS Verw. No: DEA/EIA/0001417/2012)**

**UITNODIGING NA FOKUS GROEP VERGADERING: DINSDAG 20 NOVEMBER 2012**

Ons glo dat u reeds u kennisgewing ontvang het dat die Konsep Bestekopnameverslag beskikbaar is vir publieke besigtiging en kommentaar. Indien u nog nie u skrywe ontvang het nie, is u welkom ons te kontak en die skrywe sal aan u gestuur word.

Ons maak ook graag van hierdie geleentheid gebruik om u uit te nooi om die Fokus Groep Vergadering by te woon wat vir die bogenoemde voorgestelde projek gehou sal word op:
DATUM: Dinsdag 20 November 2012
TYD: 10h00 (Registrasie vanaf 09h30)
PLEK: Amersfoort Buiteklub, Suidstraat, Amersfoort

Om te verseker dat daar genoegsame sitplek by die lokaal beskikbaar sal wees, versoek ons u vriendelik om die aangehegte Registrasievorm in te vul en aan ons terug te stuur (kontakinligting hieronder) voor of op Vrydag, 16 November 2012.

Ons rig ook graag 'n vriendelike, dog dringende versoek, dat u hierdie uitnodiging ook met u bure sal deel sou hulle uitnodiging hulle nie betyds bereik nie.

Die doel van die Fokus Groep Vergadering word in die aangehegte Konsep Agenda uiteengesit.

Indien u die Fokus Groep Vergadering gaan bywoon, versoek ons dat u asseblief die volgende addisionele inligting op die ingeslote Registrasievorm aanbring:

- Identiteitsnommer
- Motor Registrasienommer
- Skootrekenaar / Tablet serienommer


LIDWALA CONSULTING ENGINEERS (SA) (PTY) LTD
2002/019053/07

Tel: 0861 LIDWALA/ 0861 543 9252
Intl: +27 11 793 5486
Fax: 0865 005 574
11 Kerk Avenue, Ruiterhof, Randburg, 2194
PO Box 4221, Northcliff, 2115
Email: info@lidwala.com
Web: www.lidwala.com
Divisions: Civil & Structural - Electrical - Environmental - GIS - Laboratory
Branches: **Randburg** | Nelspruit | Polokwane | Bloemfontein | Kimberley | Rustenburg | Gaborone

Directors:
W. Tendaupenyu PrEng BSc(Eng)(Hons) MPhil(Eng) | Managing Director
J.S. Coetsee PrEng BEng(Hons)(Civil)
A.M.A. Raspi PrTech(Eng) MDip Tech
M. Prinsloo PrTech(Eng) PrCM NDip(Analytical Chemistry) MBA
M.K.T. Chauke PrEng BscEng (Electrical)

U insette in hierdie OIE-proses word hoog op prys gestel en sal ons help om enige omgewingsimpakte wat met hierdie voorgestelde projek gepaard gaan te identifiseer en aan te spreek, sou dit nodig blyk te wees.

Ons moedig u aan om die Fokus Groep Vergadering by te woon en aan die OIE-proses deel te neem.

Ons dank u vir by voorbaat vir u aktiewe en betekenisvolle bydrae tot die OIE en Openbare Deelnameproses.

Vriendelike groete

Nicolene Venter
Publieke Deelname & Rolspelerbetrokkenheid Praktisyn
Posbus 61164, Pierre van Ryneveld, 0045
Tel.: +27 12 662 2843
Selfoon: 083 377 9112
E-pos: majubaeia@lidwala.co.za

**Aangehegte dokumente:** Konsep Agenda
Registrasievorm